

S

VRAAG 2: NOK

Gegee:

- Die besonderhede van 'n wigvormige volger en die nokas.
- Die posisie van senterpunt S op die tekenvel.

Spesifikasies:

- Die volger beweeg heen en weer op die vertikale senterlyn van die nokas
- Die minimum afstand vanaf die volger na die senter van die nokas is 20 mm.
- Nokas = Ø14.
- Rotasie is kloksgewys.

Beweging:


Die nok verleen die volgende eenvormige bewegings aan die volger:

- Dit daal 13 mm oor die eerste 60°.
- Daarna daal dit tot die maksimum laagtepunt van 70 mm vanaf die oorspronklike beginpunt oor 30°.
- Die volger styg dan met 35 mm oor 60°.
- Daar is 'n rusperiode vir die volgende 120°.
- Die volger keer terug na sy oorspronklike posisie.

Instruksies:

- Teken volgens skaal 1:1 die gegewe volger en nokas by die minimum afstand wat die volger van die nokas sal wees.
- Teken „volgens 'n horisontale skaal van 90 mm = 360° en 'n vertikale verplasingskaal van 1:1, die volledige verplasingsdiagram vir die vereiste eenvoudige bewegings.
- Benoem die verplasingsgrafiek en sluit die skale in.
- Toon die rigting van rotasie.
- Toon alle nodige konstruksie en projeksie.

[30]



ASSESEERINGSKRITERIA

1	GEGEE + MINIMUM AFSTAND + SENTERLYNE	5		
2	KONSTRUKSIE VAN VERPLASINGSGRAFIEK	7		
3	GRAFIEK	5,5		
4	NOK KONSTRUKSIE	5		
5	NOK & KURWEKWALITEIT	7,5		
PENALISERING (-)				
TOTAAL		30		



NOK

BERAAMDE TYD VIR VOLTOOIING	35 MIN	GRAAD	11
JOU TYD VAN VOLTOOIING	MIN		

NAAM & VAN

TAAK	11.4	BLADSY	51
------	------	--------	----